MAGNATE 800 EC

Reg no L 4643 Act / Wet 36 / 1947

An emulsifiable concentrate, fungicide for post-harvest treatment of citrus.	'n Emulgeerbare konsentraat, swamdoder vir na-oesbehandeling van sitrus.

FRAC FUNGICIDE GROUP CODE	**3**	**FRAC SWAMDODERGROEPKODE**

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

Imazalil (imidazole)..... 800 g / l..... Imasalil (imidasool)

Net Volume..... .....Netto Volume

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER
MAKHTESHIM-AGAN SA (PTY) LTD
Reg no 1992/001741/07
21 Viben Street
BRACKENFELL
7561
Tel (021) 982 1460
Fax (021) 982 5810

Batch Number.....Lotnommer

Date of Manufacture ..... Vervaardigingsdatum

UN NUMBER: 2902
(yellow/geel)

WARNINGS

- Handle with care.
- Poisonous when swallowed or absorbed through the skin.
- May irritate eyes and skin.
- Toxic to fish, other aquatic organisms and wildlife.
- Store in a cool place away from food and feed.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- FLAMMABLE – do not store or handle near open flame

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Avoid inhalation of spray mist.
- Wear protective clothing – rubber gloves / boots & face shield when handling concentrate.
- In case of skin contact, wash thoroughly with soap and water.
- Wash contaminated clothing.
- Do not eat, drink or smoke whilst applying or preparing the spray mix or before washing face and hands.
- Prevent contamination of rivers and dams.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Invert the empty container over the mixing or spray tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed to a drip. When the product is mixed with water, rinse the empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10% of that of the container. Add the rinsings to the spray tank before destroying the empty container by perforation and flattening. Do not use for any other purpose.

Symptoms of Poisoning:
Goose flesh, muscle incoordination, reduced arterial tension, tremors and vomiting.

First Aid:
Ingestion: Immediately contact a physician or poison centre. Drink promptly large quantities of milk, egg white, gelatin solution, or if these are not available, water. Never induce vomiting or give anything by mouth to an unconscious person.
Eyes: Immediately hold eyelids open and flush with running water for 15 minutes. Obtain medical advice.
Skin: Flush thoroughly with water and wash affected area with soap and water. Remove contaminated clothing and wash prior to re-use. Obtain medical attention if irritation persists.
Inhalation: Move person to fresh air. If not breathing, give artificial respiration preferably by mouth to mouth. If breathing is difficult, give oxygen. Get medical attention.

Note to Physician:

No specific antidote is known for Imazalil. Treat symptomatically. Probable mucosal damage may contraindicate the use of gastric lavage.

RESISTANCE WARNING

For resistance management **MAGNATE 500 EC** is a group 3 fungicide. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **MAGNATE 500 EC** and other group 3 code fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungus population if these fungicides are used repeatedly. The resistant fungi may not be controlled by **MAGNATE 500 EC** or any other group 3 fungicides. To delay fungicide resistance:

1. Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with products from different fungicide codes.
2. For tank mixing or alternation with products in fungicide group code M or U, refer to applicable product labels.
3. Integrate control methods (chemical, cultural and biological) into disease control programs.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

DIRECTIONS FOR USE: USE ONLY AS DIRECTED

MAGNATE 500 EC is recommended for control of post harvest decays of citrus fruits caused by *Penicillium digitatum* (green mould) and *Penicillium italicum* (blue mould).

APPLICATION AND DOSAGE RATE:

A. In non-recovery water spray-on and brush-on:
Add 50 ml **MAGNATE 500 EC** to 25 l of water to obtain a treatment concentration of 1000 p.p.m. Imazalil. Apply to freshly cleaned citrus immediately prior to waxing. The 25 l mixture should be used to treat a maximum of 17 000 kg of citrus fruit. This treatment will also result in good sporulation control.

B. In citrus packout wax:
Mix 150 ml **MAGNATE 500 EC** to 25 l citrus wax to obtain a treatment concentration of 3000 p.p.m. Imazalil. After dilution with **MAGNATE 500 EC** in wax, stir mixture thoroughly for at least 15 minutes with a mixing device.

MIXING INSTRUCTIONS:

MAGNATE 500 EC does not mix easily with cold water or cold water-based waxes. Since large droplets of undiluted **MAGNATE 500 EC** can cause serious burns to citrus it is necessary that **MAGNATE 500 EC** must first be mixed thoroughly with ± 500 ml warm water (± 40°C) before being added to rest of water or wax in the applicator and that the resulting mixture be agitated constantly.

WAARSKUWINGS

- Hanteer versigtig.
- Giftig deur inname of wanneer deur vel geabsorbeer.
- Mag oë en vel irriteer.
- Giftig vir vis, ander akwatiese organismes en wild.
- Stoor in koel plek weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van siekte teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir enige nadelige effek op mens of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim deur die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Voorkom inaseming van spuitmis.
- Dra beskermende klere – rubberhandskoene / -stewels & gesigskerm wanneer konsentraat hanteer word.
- In geval van toevallige velkontak was met seep en water.
- Was besoedelde klere. Moenie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging nie, of voordat gesig en hande gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van riviere en damme.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Keer die leë houer oor die meng- of spuittenk en laat dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloei tot ‘n gedrup verminder het. Wanneer die produk met water gemeng word moet die leë houer driekeer uitgespoel word met ‘n volume water gelykstaande aan ‘n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word deur dit vol gate te maak en plat te slaan. Moet vir geen ander doel gebruik word nie.

Simptome van Vergiftiging:
Hoendervleis, spierinkoördinasie, verminderde spanning van bloedvate, bewing en vomering.

Eerstehulp:
Ingesluk: Kontak onmiddellik ‘n geneesheer of gifsentrum. Drink groot hoeveelhede melk, eierwit, gelatienoplossing, of as hierdie nie beskikbaar is nie, water. Moet nie braking induseer nie of enige iets per mond aan ‘n bewustelose persoon toedien nie.
Oë: Hou ooglede onmiddellik oop en spoel met lopende water uit vir 15 minute. Verkry mediese advies.
Vel: Spoel met water af en was aangetaste area met seep en water. Verwyder besmette klere en was deeglik voordat dit weer aangetrek word. Indien irritasie voortduur moet mediese advies verkry word.
Inaseming: Verwyder persoon na vars lug. Indien asemhaling gestaak het moet kunsmatige asemhaling toegepas word, verkieslik mond tot mond. Indien probleme met asemhaling ondervind word, moet suurstof toegedien word. Verkry mediese advies.

Nota aan Geneesheer:
Geen spesifieke teenmiddel vir imasalil is bekend nie. Behandel simptomaties. Maagspoeling word nie aanbeveel nie omdat dit moontlike slymvliesskade mag veroorsaak.

BESTANDHEIDSWAARSKUWING

MAGNATE 500 EC is ‘n groepkode 3 swamdoder. Enige populasie van ‘n spesifieke swam mag individue insluit wat ‘n natuurlike weerstand teen **MAGNATE 500 EC** of enige ander groepkode 3 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynklik nie deur **MAGNATE 500 EC** of enige ander groepkode 3 swamdoder beheer word nie. Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

1. Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
2. Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in swamdoder groepkodes M en U.
3. Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing en biologies) in swamdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

MAGNATE 500 EC word aanbeveel vir die beheer van na-oesbederf van sitrusvrugte veroorsaak deur *Penicillium digitatum* (groenskimmel) en *Penicillium italicum* (blouskimmel).

TOEDIENING EN DOSIS:

A. Onherwinbare sproei of borseltoediening:
Meng 50 ml **MAGNATE 500 EC** in 25 liter water om ‘n behandelingskonsentrasie van 1000 d.p.m. Imasalil te verkry. Dien toe op skoongewaste sitrus onmiddellik voor vrugte gewaks word. Die 25 liter mengsel kan gebruik word om ‘n maksimum van 17 000 kg sitrusvrugte te behandel. Hierdie behandeling sal ook goeie sporulasie-beheer te weeg bring.

B. In sitrusverpakkingswaks:
Meng 150 ml **MAGNATE 500 EC** in 25 liter sitruswaks om ‘n behandelingskonsentrasie van 3000 d.p.m. Imasalil te verkry. Na verdunning van **MAGNATE 500 EC** in waks, meng deeglik vir minstins 15 minute met mengapparaat.

VERMENGING INSTRUKSIES:
MAGNATE 500 EC meng nie maklik met koue water of sitruswaks nie. Aangesien ongemengde druppels van **MAGNATE 500 EC** wat op sitrusvrugte aangewend word brandskade kan veroorsaak, moet **MAGNATE 500 EC** eers deeglik in ± 500 ml warm water (± 40°C) gemeng word alvorens dit by die res van die water of waks in toediener bygevoeg word. Na byvoeging moet die oplossing konstant gemeng word.